

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL II

Tydsaanduiding: Volgens kandidaat se behoeftes

100 punte

SPERDATUM: 10 Oktober 2016

INHOUD

BLADSY

Opsomming van Take en Punte

1

Die Eksamentema

2–8

Eksamentake

9–11

Bronverwysingslys

12

OPSOMMING VAN TAKE EN PUNTE

- | | |
|--|------------|
| • Kreatiewe Proses: Visuele Joernaal | [20 punte] |
| • Kontekstuele Navorsing: Visuele Joernaal | [10 punte] |
| • Tekening | [35 punte] |
| • Kunswerk | [35 punte] |

Dit moet nie noodwendig as onverwante, aparte take beskou word nie, maar eerder as aksies van 'n koherente, omvattende eksamenprojek wat terselfdertyd uitgevoer word.


DIE EKSAMENTEMA

**(E)
(IM) MIGREER**

1.

THE MIGRATION OF ANATOMICALLY MODERN HUMANS

Evidence from fossils, ancient artefacts and genetic analyses combine to tell a compelling story



Hierdie kaart dui die moontlike migrasieroetes uit Afrika aan wat mense kon neem om ander dele van die aarde te bevolk.


2.



Walter Oltmann
World Map (2006)
Draad, metaal
Afmetings kan veranderen

In Walter Oltmann se installasie **World Map**, interpreteer hy die kontinente in vloeibare skulpturele vorms, verskuiwend en interaktief. Die werk is op permanente uitstalling by die Origins Centre in Johannesburg en voorsien 'n artistieke interpretasie van die verhaal van die menslike oorsprong, wat wetenskaplikes moet saamstel uit fossiele en argeologiese ontdekkings.

3.




Dorothea Lange
***Migrant Mother* (1936)**
 Foto-afdruk

"Die foto wat bekend geword het as ***Migrant Mother*** is een van 'n reeks foto's wat Dorothea Lange in Februarie of Maart 1936 in Nipomo, Kalifornië, van Florence Owens Thompson en haar kinders geneem het. Lange was aan die einde van 'n maandlange reis om migrasie plaaswerkers in die staat af te neem vir die destydse Hervestigingsadministrasie. In 1960 het Lange die volgende oor dié ervaring gesê:

'Ek het die honger en desperate moeder gesien en na haar toe gegaan, asof deur 'n magneet aangetrek. Ek kan nie onthou hoe ek my teenwoordigheid of kamera aan haar verduidelik het nie, maar ek onthou dat sy my geen vrae gevra het nie. Ek het vyf foto's geneem, en al hoe nader beweeg vanuit dieselfde posisie. Ek het nie haar naam of geskiedenis gevra nie. Sy het my vertel dat sy twee-en-dertig jaar oud was. Sy het gesê dat hulle van gevriesde groente uit die omringende landerye oorleef het, en van voëls wat die kinders doodgemaak het. Sy het so pas die bande van haar motor verkoop om kos te koop. Daar het sy in die opslaantentjie gesit met haar kinders om haar, en dit was asof sy geweet het my foto's kan haar help, en so het sy my gehelp. Daar was 'n soort gelykheid daaromtrent.' "

– Die Amerikaanse Kongresbiblioteek

4.



Serge Alain Nitegeka
***Ongetiteld (Selfportret)* 2009**
 Houtskool en verf op hout



Installasieskoot

"Nitegeka se portrette en landskappe word geteken op die oppervlakte van gestapelde houtkrate en vertel die verhaal van die oorsteek van grense wat 'n delikate verhouding tussen die liggaam en sy fisieke omgewing voorstel" – Stevenson Gallery

"Die tekeninge poog om persoonlike herinneringe van bepaalde onderdrukkende gebeurtenisse te herstel. Hierdie herstel van herinneringe is geleë in die kollektiewe geskiedenis van 'n volk, alle mense inderdaad, wat worstel met die idee van 'oorgeërfde etniese geweld'." – Serge Alain Nitegeka

5.



Karin Daymond
Unseen (2016)
 Olieverf op doek
 120 x 170 cm

"Iewers het ek beeldmateriaal van 'n vlug oor 'n vlugtelingkamp in die woestyn gesien en dit het my bygebly.

Tydlike wonings word afgewissel met georganiseerde strukture so ver as wat die oog kan sien. Dit het sy pad tot in my skildery gevind. Ek was nog nooit in 'n vlugtelingkamp in die woestyn nie, maar ek probeer dikwels die breë konsep van haweloosheid en anonimiteit visualiseer, dus projekteer ek myself in hierdie situasies. Te midde van die groter prentjie moet dinge gebeur wat die lewe laat aangaan; wasgoed word gewas, daar word handel gedryf en kinders speel.

Ek het myself afgevra wat ek sou saamneem as ek moes vlug, en gesien dat Afrika-vroue materiaal saamneem. Ek het my versameling Afrika-lap op die vloer gestrooi en beskilder asof ek verlore was op die see. Elke lap is streeksgebonde en het betekenis. Met die lap om haar gedraai, lyk 'n vrou koninklik en selfs gelukkig. Sy mag dalk selfs hierdie gevoelens ervaar. Hierdie flitse van kleur verdryf wanhoop, verdoesel en druk terselfdertyd uit " - Karin Daymond

6.



"Alvand, 18, van Sirië neem 'n selfie saam met sy vriende waar hulle langs 'n treinspoor loop nadat hulle verlede week die grens na Hongarye vanuit Serwië oorgesteek het. Selfone is vrylik beskikbaar in Sirië en kos relatief min."
 - CBC Nuus

7.



Banksy
Ongetiteld (Steve Jobs)
 (2015)
 Muurskildery



Die berugte straatkunstenaar Banksy het in 2015 'n voorstelling van Steve Jobs teen 'n muur van 'n vlugtelingkamp in Calais, Frankryk, geskilder. CNN se webwerf het die volgende berig: "Banksy se nuutste werke het in 'n vlugtelingkamp in Calais, Frankryk, verskyn. Een beeld die gewese medestigter en HUB van Apple, Steve Jobs, uit met 'n sak oor sy skouer en 'n Macintosh-rekenaar.

Foto's van die nuwe werke verskyn op die straatkunstenaar se webwerf. Die foto van Jobs word, 'die seun van 'n Siriese vlugteling' genoem."

8.




Faith47
Estamos Todos Los Que Cabemos (2015)
Muurskildery in Haarlem, New Yorkstad

"***Estamos Todos Los Que Cabemos*** is as deel van die Monument Kuns NYC-projek geskilder, en fokus op die kwessie van immigrasie. ***Estamos Todos Los Que Cabemos*** wys op die migrasiepatrone van voëls, en die feit dat die natuur menslike grense op 'n kaart ignoreer.

Ons vergeet dat die skeidslyne wat lande afbaken, slegs deur mans geteken word wat politiek honger is. In werklikheid is die aarde oop. Daar is geen lande of grense nie. Dit behoort aan niemand nie. Ons is besoekers van verbygaande aard en moet kan reis waar ons wil." – Faith47

9.



Lawrence Weiner
Residue of a Flare Ignited on a Boundary (1969)
Foto van optrede

In 1969 het Weiner in Nederland 'n ligfakkel op die grens van die stad Amsterdam aan die brand gesteek.

BENADERING TOT HIERDIE EKSAMEN EN BESTUUR VAN JOU KREATIWITEIT

Die bronne in hierdie eksamenvraestel oorweeg die konsep van migrasie, van mense se beweging om die aarde om verskeie redes.

In hierdie afbeeldings en kunswerke word die kunstenaar 'n agent in nadenke oor die redes en gevolg van die wegbeweeg van 'n mens se plek van oorsprong.

Deur inspirasie te vind in enige aspek van hierdie afbeeldings en kunswerke *waarby jy persoonlik kan aansluit*, sal die volgende van jou vereis word:

- 'n visuele joernaal
- 'n tekening
- 'n kunswerk
- 'n titel en motivering vir die tekening sowel as die kunswerk

Betrokke raak by Kuns en Visuele Kultuur

Teen die einde van die eksamenprojek moes jy **ten minste** die werk van **ses** ander kunstenaars nagevors het en na hul werk, wat soortgelyke of verwante kwessies as joune weerspieël, verwys. Hierdie kunstenaars moet ook in 'n soortgelyke dissipline werk as wat jy gekies het. Die navorsing moet in jou Visuele Joernaal getoon word. Jy moet verken hoe hierdie kunstenaars jou eie denke gelei het en hoe hulle werk jou gehelp het om groter helderheid van denke te verkry in die skepping van jou tekening en kunswerk.

Denke as Doen: gebruik jou Kreatiewe Proses om jou idees te ontwikkel en verfyn

Dokumenteer ook in jou Visuele Joernaal al die stappe in jou Kreatiewe Proses wat gelei het tot die voorlegging van jou tekening sowel as jou kunswerk. Jou navorsing en Kreatiewe Proses moet onmiddellik begin sodra jy hierdie eksamenvraestel ontvang en jy moet daarmee voortgaan totdat jy jou werk teen die sperdatum indien.

Hierdie take wat op die volgende bladsye uiteengesit word, is verpligtend. Die volgorde waarin jy dit benader, moet egter deur jou eie idees en denkproses gelei word. Jy kan met die navorsing van die kunstenaars se werk begin en daarna jou idees, persepsies en ervarings in jou Visuele Joernaal teken. Jy kan dadelik begin teken en toelaat dat jou kunswerk en navorsing uit die proses van teken voortspruit. Kreatiwiteit is sowel 'n sikliese as lineêre proses. Jy sal heen en weer moet beweeg, oorweeg wat jy reeds gedoen het en deurgaans jou prosesse en produkte reëvalueer, om jou respons op die eksamen tot 'n oortuigende diepte te ontwikkel.

Jou onderwyser het gedetailleerde assesseringsrubrieke met al die kriteria vir sukses in hierdie eksamen. Jy word aangeraai om jouself vertrou te maak met hierdie rubrieke. Jou respons op hierdie eksamen sal op die volgende drie, breë, maar interverwante kriteria geassesseer word:

1. **Jou vermoë om vaardig met jou gekose materiale en komposisiebeginsels te werk, m.a.w. vorm: toon jou tekening en jou kunswerk dat jy die gekose dissipline/s bemeester het, en neem dit die kyker op 'n estetiese reis?**
2. **Jou oorspronklike en kreatiewe denke, konsepte en doelbewuste betekenis soos deur jou werk verken, m.a.w. inhoud: verken jou werk 'n interessante, relevante interpretasie van die tema op 'n gesofistikeerde vlak?**

- 3. Die bewys van taak-intensiteit, leergierigheid, deursettingsvermoë en toewyding in jou respons, sowel as jou vermoë om die beperkings van tyd en plek te oorkom, m.a.w. konteks: oorkom jou werk die beperkings van plek en omstandighede op 'n gesofistikeerde manier? Jou tekening sal 4-6 weke neem om te produseer, en hierdie hoeveelheid toewyding moet sigbaar wees. Daarom kan jy nie net 'n suiwer konseptuele werk produseer wat vaardigheid of materialiteit verwaarloos nie.**

Let wel: Jy mag in jou eie tyd aan jou Visuele Joernaal en tekeningtake buite die skool werk, maar die kunswerk of "Finale Kunswerk" mag nie van die skoolperseel verwyder word nie. Dit moet onder die onderwyser se toesig voltooi word.

Dit is jou eie verantwoordelikheid om hierdie eksamenvraestel en riglynboekie deeglik te bestudeer voordat jy met die projek begin. Bespreek hierdie eksamenvraestel met jou onderwyser en jou klasmaats en neem dit huis toe. Jy kan by die huis aan Taak 1 tot 3 werk, maar nie aan die kunswerktaak nie. Die kunswerk (Taak 4) moet in geheel onder toesig van 'n onderwyser gedoen word.

LET WEL: Die take hierbo is verpligtend, maar hoef nie noodwendig in streng numeriese volgorde uitgevoer te word nie. Die kreatiewe proses is organies en siklies eerder as sekvensieel en lineêr. Jy sal heen en weer moet beweeg, oorweeg wat jy reeds gedoen het en deurgaans jou prosesse en produkte reëvalueer, om jou kreatiewe betrokkenheid op die eksamenopdrag tot 'n oortuigende diepte te ontwikkel.

EKSAMENTAKE**TAAK 1****KREATIEWE PROSES****[20 punte]**

Dit is die voorbereiding vir jou tekening en kunswerk. Dit is 'n rekord van jou response op die tema. Dokumenteer jou Kreatiewe Proses volledig in jou Visuele Joernaal.

Kreatiewe Ontdekking

- Gebruik die afbeeldings, tekste en idees op die vorige bladsye as vertrekpunte en stimuli wanneer jy al jou idees, gevoelens, sketse en afbeeldings in jou Visuele Joernaal boekstaaf.
- Bepaal jou belangstellings en doelstellings vir hierdie Eksamen – maar wees oop en buigsaam. Jou doelwitte mag verskuif en verander soos jou Kreatiewe Proses ontwikkel.
- Sluit aanvanklike sketse en bronmateriaal in.
- Verskaf idees in jou eie woorde geskryf wat jou gedagtegang verduidelik vir die uitbeelding op jou gekose manier van jou gekose onderwerpe.
- Toon dat jy **vlot** is in jou vermoë om verskeie idees en moontlikhede te genereer, nie net een finale idee nie.
- Oorweeg versigtig **hoe** jy jou interpretasie van hierdie tema sal verteenwoordig.
 - Sal jou benadering intiem en persoonlik, of openlik en kragtig wees?
 - Sal jou tekening/e en kunswerk/e naturalisties, stilisties of abstrak wees?
 - Dra 'n simboliese werk 'n meer diepgaande waarde oor as 'n naturalistiese/fotografiese werk? Of is die twee selfs onderling eksklusief?
 - Jou benadering kan letterlik wees, dit kan naturalisties of meer simbolies of poëties wees. Wat maak van jou kunswerk 'n kunswerk?
- **Hersien, ontwikkel en brei** jou eie visuele taal **uit** deur verder betrokke te raak in 'n sikliese Kreatiewe Proses ter voorbereiding van jou tekening en kunswerk.
- **Wees buigsaam:** jou idees mag verander en verskil van jou aanvanklike doelwitte, planne en doelstellings.
- Gebruik woorde, sketse, visualiserings en tegniese eksperimente om jou kunswerk visueel te ontwikkel. Verken moontlikhede!
- Watter medium gebruik jy? Watter tegnieke en onderwerp pas jou doelwitte en interpretasie van die tema die beste?
- Watter tekens en simbole van die breër visuele kultuur gebruik jy om jou werk betekenisvol te maak?
- Verwys na die toepaslike afdelings in die gedetailleerde riglyndokument vir uitvoerige riglyne rakende die Kreatiewe Proses.

Skakel met jaarwerk portefeulje

- Oorweeg die kunswerke wat jy alreeds in jou Skoolgebaseerde Assessering (SGA) praktiese portefeulje voltooi het as deel van jou Kreatiewe Proses.
- Jy word sterk aangeraai om met dieselfde kunsdissipline te werk as wat jy vir die SGA praktiese portefeulje gebruik het. (Indien jy beeldhoukuns in jou SGA-portefeulje gebruik het, moet hierdie eksamenwerk ook 'n beeldhouwerk wees).
- Verduidelik die verband tussen jou SGA-portefeulje en jou oogmerke vir die eksamenprojek ten opsigte van jou formele en konsepsuele kwessies. Dit is 'n belangrike deel daarvan om 'n persoonlike visuele taal te ontwikkel.
- Verwys na die toepaslike afdeling in die uitvoerige riglyndokument vir gedetailleerde riglyne rakende die Kreatiewe Proses.

TAAK 2**NAVORSING****[10 punte]**

Navorsing is 'n belangrike deel van die proses om 'n suksesvolle kunswerk te skep

- Kies *as deel van jou Kreatiewe Proses* **minstens ses** ander visuele kunstenaars wat jy inspirerend vind vir jou artistieke praktyk *vir elke taak* en doen navorsing oor hul werk (doen navorsing oor ongeveer **drie kunstenaars** vir jou **tekening** en ongeveer **drie ander** vir jou **kunswerk**).
- Jy kan navorsing doen oor die werk van die kunstenaars wat in die bronne verskyn wat in die Eksamenvraestel verskaf word of oor ander kunstenaars se werk.
- Terwyl jy navorsing doen, moet jy jou idees vir jou eie doelwitte en mikpunte vir hierdie Eksamenprojek verfyn en aanpas.
- **Produseer minstens een gedetailleerde visuele ontleding van minstens een werk van die kunstenaar/s wat jy gekies het. In jou ontleding moet jy na die tema verwys. Die ontleding moet in jou eie woorde wees. Vermy die Ctrl-C/Ctrl-V gewoonte! Deur uit 'n gesaghebbende bron te kopieer, beteken nie genoegsame navorsing nie. Jy moet bewys toon van die internalisering van jou navorsing.**
- Erken al jou bronmateriaal deur die Harvard-verwysingstegniek te gebruik.
- Verduidelik waarom die kunswerke wat jy nagevors het toepaslik is op jou eie doelwitte en planne vir die Eksamentekening- en -kunswerktake.
- Verwys na die toepaslike afdeling in die gedetailleerde riglyndokument vir gedetailleerde riglyne rakende kontekstuele navorsing.
- Dokumenteer enige verdere kunswerke wat jou in jou Kreatiewe Proses inspireer.
- Jy mag vind dat jy navorsing moet doen oor ander area/s van visuele kultuur en/of kennis.
- Kom enige van die kunstenaars, kunswerke of areas van kennis wat jy nagevors het vir jou SGA-kunsprojekte ook in jou Visuele Joernaal vir hierdie Eksamen voor? Indien wel, moet jy dit erken. Dit is 'n belangrike deel daarvan om jou eie persoonlike visuele taal te ontwikkel.

TAAK 3**TEKENING****[35 punte]**

- Produseer 'n reeks **Prosestekeninge** vir uitstalling.
- OF**
- Produseer ten minste een **Eindproduk-tekening** vir uitstalling.
 - Verwys na die toepaslike afdelings in die riglynboekie vir gedetailleerde riglyne rakende jou tekening en 'n gedetailleerde verduideliking van die verskille tussen prostekene en eindproduk-teken.
 - Jou tekening behoort 4–6 weke te neem om te voltooi.
 - Werk terselfdertyd aan jou Visuele Joernaal en jou tekening.
 - Indien jy die prostekening-opsie kies, moet jou tekeninge professioneel uitgestal word en nie in die Joernaal gelos word nie.

Let wel: Jou tekening moet 'n tekening wees en nie enige ander kunsvorm nie. Indien jy verkies om 'n onkonvensionele of nie-tradisionele tekening te maak, moet jy 'n motivering verskaf en in jou Visuele Joernaal beskryf hoe jou werk as tekening kwalifiseer. 'n Tekening is 'n reeks relatief spontane merke op 'n oppervlak. 'n Akriliese skildery is nie 'n tekening nie en 'n foto is nie 'n tekening nie – tensy jy in detail verduidelik hoe dit as sulks beskou kan word. As jy 'n nie-tradisionele tekening voorlê, moet jy motiveer hoe jou voorlegging konseptueel as tekening verstaan kan word. Die sestiende-eeuse kunsgeskiedkundige en skilder Giorgio Vasari het teken "die vader van ons drie kunste: argitektuur, beeldhou en skilder" genoem. Dink versigtig oor wat 'n

tekening anders maak as 'n skildery of beeldhouwerk of foto. Oorweeg die redes hoekom teken so 'n belangrike deel is van 'n kunstenaar se Kreatiewe Proses.

TAAK 4**KUNSWERK****[35 punte]**

- Produseer jou kunswerk vir uitstalling nadat jy jou kunsdissipline vir die eksamen gekies het.
- Verwys na die toepaslike afdeling in die riglyndokument vir gedetailleerde riglyne rakende jou kunswerk.
- Jy mag nie aan jou kunswerk werk sonder toesig van jou onderwyser nie.

NB: Fotografiekandidate: Alle foto's moet deur jou, die kandidaat, geneem word en nie deur iemand anders nie. As jy die onderwerp van jou eie foto's is, moet jy kan bewys lewer dat **jy** jou eie foto's opgestel het en nie iemand anders nie. Indien 'n assistent gebruik word om foto's **van jou** te neem, moet dit in die Visuele Joernaal erken word. Gebruik 'n plaasvervanger-model in jou plek om vir die skoot te poseer, terwyl jy elke skoot opstel en op kamerastellings besluit. **Jy moet die addisionele beplanningskote wat jy vooraf geneem het in jou Visuele Joernaal insluit** om te bewys dat die tegniese komposisie en skote **jou** besluitneming en werk is en nie dié van die persoon wat die foto neem of enigiemand anders nie. Geen professionele fotograaf of ander persoon mag foto's namens jou opstel en neem nie.

TAAK 5**TITELS EN MOTIVERINGS**

- Skep 'n toepaslike en interessante **Titel** vir beide jou tekening/e EN jou kunswerk/e.
- Tik en druk twee aparte motiverings van nie meer as 150–200 woorde elk nie.
- Vertoon jou motiverings, titels en eksamennommer langs jou tekening en jou kunswerk.

TAAK 6**AANBIEDING**

Jou tekening en jou kunswerk moet so professioneel as moontlik uitgestal word. Benoem jou tekening/e en jou kunswerk as volg:

<i>Naam</i>
<i>Eksamennommer</i>
<i><u>Titel</u></i>
<i>Eksamentekening/ Eksamenkunswerk</i>

SIEN DIE AANGEHEGTE BOEKIE VIR GEDETAILLEERDE RIGLYNE OOR SPESIFIEKE DISSIPLINES.

BRONVERWYSINGSLYS

1. 26271801.jpg (1911 × 1422) beeld op VisualizeUs. 2016. *26271801.jpg (1911 × 1422) picture on VisualizeUs*. [AANLYN] Beskikbaar by: http://vi.sualize.us/the_migration_of_anatomically_modern_humans_newscientist_evolution_infographics_anthropology_picture_5im9.html. [Verkry 31 Januarie 2016].
2. The Origins Journey | Origins Museum. 2016. *The Origins Journey | Origins Museum*. [AANLYN] Beskikbaar by: http://www.origins.org.za/?page_id=199. [Verkry 31 Januarie 2016].
3. Dorothea Lange se "Migrant Mother" Photographs in the Farm Security Administration Collection: An Overview (Library of Congress). 2016. *Dorothea Lange's "Migrant Mother" Photographs in the Farm Security Administration Collection: An Overview (Library of Congress)*. [AANLYN] Beskikbaar by: https://www.loc.gov/rr/print/list/128_migm.html. [Verkry 31 Januarie 2016].
4. Michael Stevenson – Serge Alain Nitegeka. 2016. *Michael Stevenson – Serge Alain Nitegeka*. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://stevenson.info/exhibitions/nitegeka/index.htm>. [Verkry 31 Januarie 2016].
5. **Werk direk verkry, maar besoek <http://www.karindaymond.co.za/> vir meer inligting oor Daymond se werk en proses.**
6. For Syrian refugees, smartphones are a lifeline — not a toy — World — CBC News. 2016. *For Syrian refugees, smartphones are a lifeline — not a toy — World — CBC News*. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://www.cbc.ca/news/world/for-syrian-refugees-smartphones-are-a-lifeline-not-a-toy-1.3221349>. [Verkry 31 Januarie 2016].
7. Pay-Per-View Banksy: Calais Migrants Share Steve Jobs Mural for a Charge. 2016. *Pay-Per-View Banksy: Calais Migrants Share Steve Jobs Mural for a Charge*. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://sputniknews.com/europe/20151217/1031919031/calais-camp-migrants-charging-for-banksy-steve-jobs-mural.html>. [Verkry 31 Januarie 2016].
8. 'Estamos Todos Los Que Cabemos' Faith47 street art. 2016. *'Estamos Todos Los Que Cabemos' Faith47 street art*. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://faith47.com/estamos-todos-los-que-cabemos/>. [Verkry 31 Januarie 2016].
9. Versameling aanlyn | Lawrence Weiner. THE RESIDUE OF A FLARE IGNITED UPON A BOUNDARY. 1969 – Guggenheim Museum. 2016. *Collection Online | Lawrence Weiner. THE RESIDUE OF A FLARE IGNITED UPON A BOUNDARY. 1969 – Guggenheim Museum*. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://www.guggenheim.org/new-york/collections/collection-online/artwork/4189>. [Verkry 31 Januarie 2016].

Vinnige Reaksie Kodes

Jy mag besluit om toegang tot bogenoemde bronne te verkry. Om dit makliker te maak, kan jy hierdie vinnige reaksie kodes gebruik. Dit is nie verpligtend nie, maar kan jou proses ondersteun as jy 'n slimfoon of tablet gebruik. (Let wel: geen vinnige reaksie kode was beskikbaar vir Karin Daymond se afbeelding, nommer 5, teen druktyd nie.)

